

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT

GRAAD 12

VISUELE KUNSTE V1

FEBRUARIE/MAART 2011

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig voordat nagesien word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae. Leerders moet enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.
2. Dit is BAIE BELANGRIK dat voorsiening gemaak word vir die leerder in baie gevalle:
 - Leerders moet krediet ontvang vir die gee van hul eie menings en idees in antwoorde.
 - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
 - Dit is ook belangrik dat argumente en stellings goed beredeneer en gemotiveer moet word deur verwysings na spesifieke faktore.
3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
4. Inligting en kunswerke bespreek in een vraag, mag nie weer krediet kry as dit herhaal word in 'n ander vraag nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.
5. Leerder moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.
6. Leerder mag beide twee- en drie-dimensionele kunswerke in enige vraag bespreek, waar van toepassing.
7. ***Onthou dat baie leerders hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom die feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet neem uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners buigbaar wees en 'n oop gemoed hê in die merkproses.***

ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie nasienmemorandum moet dien as beide 'n riglyn vir nasieners en 'n ondderrigmiddel. Daarom is die memorandum vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as 'n onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die memorandum is slegs 'n voorgestelde gids.
- Nasieners word aangemoedig om leerders te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.
- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet leerders in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.
- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, volgens die vereistes van die vraag. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte behaal nie.
- Nasieners moet verwys na die Visuele Kunste VAG-dokumentmatriks vir 'n gids om die vlakke van prestasie te bepaal.

Assessering van leerders se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer

PRESTASIE-KODE	LEERUITKOMS 4: VISUELE KULTUURSTUDIES	✓
7 Uitstekend 80 – 100%	Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.	
6 Verdiensielik 70 – 79%	Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon uitstekende insig en begrip.	
5 Substansieel 60 – 69%	Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n goeie vlak van insig en begrip.	
4 Gemiddeld 50 – 59%	Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.	
3 Bevredigend 40 – 49%	Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.	
2 Elementêr 30 – 39%	Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon min vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.	
1 Nie behaal nie 0 – 29%	Demonstreer min of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunste-terminologie. Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. Toon min of geen begrip of insig nie.	

VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS

- 1.1 Leerders moet die visuele bronne in FIGUUR 1a en 1b bestudeer en 'n opstel (ongeveer 1 bladsy) skryf waarin die volgende bespreek word:

George Pemba – Die terugkeer van die verlore seun, 1960.**Onderwerp**

- Pemba het altyd sy eie mense in beide landelike en stedelike omgewings geskilder, maar hy het ook Bybelse tonele soos '*Terugkoms van die Verlore Seun*' geskilder waar sy eie mense die karakters uitbeeld.
- Hier word elke individu as 'n klein portret opsigself uitgebeeld.
- Hierdie is egte mense wat afkomstig is van die ware sosiale omgewing van die kunstenaar.
- Hy gebruik presiese detail – wys verskillende stemming en emosionele toestande.

Fokuspunt

- Die jong man wat regs in die komposisie sit vorm 'n sterk fokuspunt.
- Hy trek die aanskouer se aandag deurdat alle oë op hom gefokus is. Hy is ook minder formeel aangetrek in vergelyking met die twee ouer mans.
- Die man aan die linkerkant wys 'n vinger in sy rigting.
- Die bottel op die tafel voor die jong man asook die FIGUUR agter hom, dwing ook die aanskouer se aandag in sy rigting.

Gebruik van kleur

- In sy waterverwe geniet Pemba die gebruik van sagte tone van grys, blou, groen en roes.
- Hy skilder die gesigte met sensitiwiteit – aangesien hy die innerlike toestand en karakter van sy onderwerpe wou wys. Daarom is sy portrette sensitief, vol deernis en menslik.
- Sy gebruik van warm kleure vir die muur van die kamer en die tafel skep 'n warm huislike gevoel.
- Die warm tone kontrasteer met die koel bloue gesien in die gordyne en die kleure van die drie mans.

Skilderstyl

- Pemba het 'n kenmerkende styl – goeie tekenvaardighede en selfvertroue – goeie komposisie.
- Hy is hoofsaaklik 'n portretskilder.
- Hy gebruik presiese detail – wys verskillende stemminge en emosionele toestande.
- Sy werk is in die algemeen konserwatief en kritiseer hy nie direk sosiale ongeregtighede nie.
- Hulle is meer verhalend en beskrywend.

Ephraim Ngatane – Trou-seremonie (geen datum)**Onderwerp**

- Hy beeld 'n vreugdevolle naby-aansig blik op gaste by 'n troue wat sing, dans en hande klap. Hulle vorm 'n sirkel soos 'n mallemeule rondom die middelpunt van die wit geklede bruid.
- Dit is 'n akkurate dokumentasie van die lewe en tye in die swart townships, asook sy persoonlike reaksie op sy omgewing.
- Die werk is 'n goeie voorbeeld van sy optimisme, waarnemings vermoë en stemmingsvolle gebruik van medium.

Fokuspunt

- Die bruid in haar wit trourok is in die baie prominente middel van die komposisie geplaas.
- Sy is ook langer as die figure in die skare om haar.

Gebruik van kleur

- Ngatane gebruik 'n beperkte reeks van nat 'washes' in bloue, perse, bruine, swarte en deurskynende waterkleure.

Skilderstyl

- Hy het in 'n baie losse, gebaarryke tegniek geskilder.
- Hy is meer besorg daaroor om die stemming van die skare vas te vang, eerder as met akkurate detail. (8)

- 1.2 Leerders moet ten minste een bladsy inligting skryf oor enige TWEE kunswerke wat hulle bestudeer het, waarin hulle krities analiseer die wyse waarmee die kunstenaar 'n gevoel van die tyd en plek in hul soeke na kunssinnige identiteit vasvang. (12)

[20]

VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS SEDERT 1950

2.1 Verwys na die stelling, bestudeer FIGUUR 2a – 2c en neem die volgende in die opstel in ag:

- **Die klassifikasie van 'n kunswerk as 'n stillewe.**
'n Stillewe is gewoonlik 'n skildery/tekening van 'n rangskikking van objekte soos blomme, vrugte, vase, ens.
- **Die spesifieke objekte uitgebeeld en hoe hulle 'n Suid-Afrikaanse en/of Afrika-geur reflekteer.**
FIGUUR 2a: Afrika-maskers – verwys na Wes-Afrika beeldhouwerke.
FIGUUR 2b: Paraffienlamp, vrugte, Lion vuurhoutjeboksie, Kaspir, koerante met beelde en woorde wat die stryd teen apartheid reflekteer – herlei na Suid-Afrikaanse lewe in die townships gedurende die 'struggle'.
FIGUUR 2c: Afrika potte, skilde, mielies, kalbasse, kralewerk en Afrika patrone – tipiese tradisionele Suid-Afrikaanse simbole/kurios.
- **Hoe die kunstenaars die objekte in hul skilderye gerangskik het om hul komposisies te vorm.**
FIGUUR 2a: Die pot met blare en 'n arumlelie aan die linkerkant word gebalanseer deur die twee Afrika-maskers regs.
FIGUUR 2b: Objekte is soos in 'n tradisionele stillewe gerangskik. 'n Paraffien lamp, vrugte en 'n vuurhoutjie boksie is op 'n tafel gerangskik met 'n stoel daaragter. Die agtergrond toon verskeie koerant artikels en foto's wat die stryd teen apartheid uitbeeld.
FIGUUR 2c: Dit is nie 'n tradisionele stillewe nie, alhoewel die uitgebeelde voorwerpe geskik is vir die onderwerp, bv. potte, Ndebele patrone, kalbasse, ens. Die kunstenaar het 'n simmetriese komposisie geskep deur van die voorwerpe te herhaal om 'n patroon te vorm. Die plasing van die objekte lyk soos 'n gestileerde figuur met sy hande in die lug. Die horings van 'n koei vorm die arms met die laer driehoek wat die klere verteenwoordig.
- **Die formele kunselemente gebruik.**
FIGUUR 2a: Die blare en arumlelies vorm sterk vertkale en diagonal lyne. Die kunstenaar het haar onderwerp in 'n lewendige/ekspressionistiese wyse geskilder – die skildery het 'n sterk gevoel van emosie. Die aardse kleure van die maskers en erdeware pot kontrasteer met die blou in die agtergrond en die intense groen blare. Sterk wit ligpunte kan in die maskers gesien word.
FIGUUR 2b: Vorms is naturalisties. Kleure gebruik is hoofsaaklik geel en blou. Die agtergrond lyk plat met collage elemente gebruik.
FIGUUR 2c: Geronde, geometriese en georganiseerde vorms is gebruik. Die skildery is simmetries. Potte word as 'n randpatroon regs en links gebruik, ses aan elke kant. Kleure is baie helder/suiwer met skerp 'highlights'. Voorwerpe lyk blink en daar is 'n sterk gebruik van patroon met die herhaling van vorms, lyne, ens.

- **Moontlike interpretasie van hierdie werke.**

FIGUUR 2a: Stern het Afrika maskers versamel en het dit dikwels in haar stillewes gebruik. Dit wys haar liefde vir Afrika en skep 'n eksotiese gevoel aan haar werke. Sy het ook 'tradisionele' stillewe-objekte soos potte, vrugte, ens. gebruik.

FIGUUR 2b: Alhoewel die vrugte en plasing van die voorwerpe na 'n tradisionele stillewe verwys, het Bester 'n paraffien lamp ingesluit. Paraffienlampe was in plaas van elektrisiteit gebruik. Dit maak 'n direkte stelling oor die armoede situasie en die stryd teen apartheid.

FIGUUR 2c: Die skildery is 'n viering van ons erfenis. Die gestileerde FIGUUR gooi mielies in die lug. Die kalbasse, mielies, koeivelle en Ndebele patrone is almal simbole van die Suid-Afrikaanse kultuur. (10)

2.2 Leerders moet enige TWEE kunswerke wat hulle bestudeer het en wat 'n soeke na identiteit deur enige kunstenaar/s bespreek. (10)

[20]

VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDSKUNS ('RESISTANCE ART')

- 3.1 Die visuele bronne (FIGUUR 3a – 3c) toon hoe kunstenaars hul indrukke van die onderdrukkers wat die apartheidsstelsel moes onderhou, uitgebeeld het.

Leerders moet enige TWEE van hierdie werke kies en die maniere hoe die onderdrukkers in die afgebeelde werke uitgebeeld is bespreek.

Daar moet na die volgende verwys word in hul antwoord:

- **Styl**
 - o Al die werke is figuratief, met net FIGUUR 3a wat naturalisties is.
 - o Almal deel 'n satirise en/of komiese gevoel.
 - o In almal van hulle word verwringing gevind – FIGUUR 3b is die mees verwronge met die peervormige gesig.
- **Tegniek**
 - o FIGUUR 3a: Die kunstenaar het olie verf gebruik met duidelike kwashale wat in die swart en wit klere sigbaar is. Die rooi verf is plat sonder enige sigbare kwashale.
 - o FIGUUR 3b: Duidelike skilderagtige kwashale. 'Smudgy' verfaanwending. Nie glad nie.
 - o FIGUUR 3c: Beeldhouwerk: die kunstenaar het die giet tegniek gebruik. Hy het eers die beeld in 'n sagte materiaal gevorm en dan 'n hars/veselglas gietvorm gemaak.
- **Hoe die formele kunselemente gebruik is om 'n visuele impak te skep.**
 - o FIGUUR 3a: die figure is in swart op onvoorbereide doek geskilder en lyk soos koerantfoto's.
 - o Die agtergronde is soliede rooie met die figure wat daaruit spring. Rooi is die kleur van gevaar, woede, bloedvergieting, rewolusie, ens. en help om 'n spesifieke betekenis oor te dra.
 - o Die gesentraliseerde figure domineer die kunswerk.
 - o FIGUUR 3b: die werk is 'n portret met 'n burgemeester ketting om sy nek.
 - o Dit is 'n baie skilderagtige portret met duidelike kwashale.
 - o Die vorms in die portret is so verwring dat dit dieragtig raak.
 - o Die figuur domineer die prentvlak en die agtergrond is 'n plat donker area wat die klem op die figuur plaas.
 - o Kleure is meestal varieteite van witte, pinke en rooie. Dit is veral opsigtelik in die gesig met kontraste van wit in die middle van die portret en die rooi/pienk vlesige dele aan die kante van die portret. Rooi is die dominante kleur in die gesig en kleding. Die donker das en geel-goud ketting staan uit teen die wit kledingstuk; die ketting is 'n element van belangrikheid en mag.
 - o FIGUUR 3c: Beeldhouwerk. Die vorms is gerond en vereenvoudig.
 - o Die beeldhouwerk het 'n gladde tasbare kwaliteit. Die figuur word met groot stewels uitgebeeld.
 - o Detail kan gesien word in die skoenveters, baadjie, ens, alhoewel dit 'n veralgemeende uitbeelding van 'n figuur, uniform, ens., is.

- **Die boodskap wat jy voel die kunstenaar wil oordra.**

- o FIGUUR 3a: Hierdie werke is gebaseer op gedrukte media en televisiebeelde. Dit wys die ondrukking en misbruik van mag in die Apartheidsstelsel deur die polisie.
- o Dit word oorgedra deur die uniform en lyftaal bv. die gebruik van die vinger wat wys. Die figuur maak ook nie oogkontak met die aanskouer nie – hulle is arrogant en selfbelangrik. Die aanskouer moet ook opkyk na die figuur wat die gevoel van outoriteit versterk.
- o FIGUUR 3b: dit is een van 'n reeks van werke. Hodgins het sy skilderye op *Ubu*, die moreel korrupte karakter in die Jarry toneelstuk gebaseer. *Ubu* word uitgebeeld in die klerke van 'n burgemeester – 'n gesagsfiguur.
- o Die oë kyk nie in dieselfde rigting nie, een kyk afwaarts en een sywaarts, om skelm ons blik te vermy. Sy neus is plat en verwring. Sy mond het 'n gesmeerde grynslag en herinner aan 'n vark se snoet.
- o Die varkagtige kwaliteit van sy gesig weerspieël sy interne verrotting en raak hy die verpersoonliking van 'n gierige en moreel korrupte samelewing. Hy is 'n bese korrupte onderdrukker, maar ook komies in sy boosheid.
- o FIGUUR 3c: Die figuur vorm 'n sterk vertikale lyn – sy houding is een van gesag en dissipline. Dit word weerspreek deur sy boepmagie en enorme stewels.
- o Dit verwys na die gesegde van 'te groot vir jou skoonheid' op 'n letterlike wyse! Die figuur van die polisieman word hiermee pateties en komies. Hulle (die polisie) is nie regtig in die magposisie nie, maar hy sal op jou tone trap as jy in sy pad kom.
- o In FIGUUR 3a en 3c dra die onderdrukkers kapse. In 3a sien ons die oë van die mans, terwyl in 3c ons nie die oë kan sien nie omdat die kape sy oë bedek.

3.2 Leerders moet die werk van ten minste TWEE kunstenaars wat hulle bestudeer het bespreek en wat sosio-politieke kwessies in hul werk aanspreek. (12)

[20]

VRAAG 4: KUNSVLYT ('CRAFT') EN TOEGEPASTE KUNS

- 4.1 Leerders moet die visuele bronne FIGUUR 4a – 4d, asook die teks wat voorsien is, oorweeg.

Leerders word vier stoele (FIGUUR 4a – d) aangebied. Hulle moet EEN kies en in die vorm van 'n paragraaf redes vir hul keuse gebaseer op die volgende gee:

FIGUUR 4a: Die goue troon van koning Tutankhamun, gekerfde hout bedek met goud, met 'n ryk polichromatiese versiering van faience, glas, halfedelgesteentes en silwer, ongeveer 1 320 vC. Manjifieke patrone, pote van stoel stel die pote van diere of die FIGURE van gevangenis voor.

FIGUUR 4b: Die funksionele leunstoel is uit herwinde geriffelde karton gemaak.

FIGUUR 4c: Die stoel is 'n kunswerk wat uit weggooi eetgerei gemaak is.

FIGUUR 4d: Die Kameroen stoel is uit krale, leer en hout gemaak.

Die stoel het oor die jare baie verander om die modes van die tyd te weerspieël. Tegnologie in stoelkonstruksie het ook 'n verskil gemaak.

- Watter stoel sal jy vir jou huis kies?
- Waar sal jy dit gebruik?
- Hoekom jy dit gekies het?
- Hoe die stoel uit die gekose materiaal geskep is?

Leerders moet hul keuse van stoel staaf. (5)

- 4.2 Leerders moet 'n kreatiewe nuwe stoel uit herwinde materiaal ontwerp.

Bespreek die volgende in 'n paragraaf:

- Die herwinde materiaal wat jy in jou nuwe ontwerp sal gebruik en redes vir jou keuses.
- Die tegnieke en versierings gebruik.
- Die konstruksie van die stoel.

Leerders moet hul ontwerp bespreek deur te verwys na die vereistes. Nasieners moet buigsaam wees solank as wat leerders hul keuse van materiaal regverdig en die materiaal geskik is vir hul gekose ontwerp. (5)

- 4.3 Bespreek die belangrikheid van die werk van enige ander Suid-Afrikaanse kunsvlyt/toegepaste kunstenaar wie se werk jy bestudeer het, deur spesifiek na die funksie, materiaal en tegnieke wat gebruik is te kyk. (10)

[20]

VRAAG 5: KUNS EN MAG**5.1 Geskiedenis is die verslag van hoe leiers en gebeure die wêreld gevorm het.**

Hoe belangrik is dit om gewone mans en vroue wat betrokke was in hierdie historiese gebeure te onthou? Leerders moet 'n opstel skryf waarin hul die vraag beantwoord deur te verwys na bostaande stellings en die visuele bronne (FIGUUR. 5a – 5b).

Punte om te bespreek:

- **Die betekenis en redes vir die glaskabinette by Auschwitz wat gevul is met skoene, leesbrille, hare, ens.**

Dit is al as 'wesentlike getuigenis van misdaad' genoem. Elke skoen, ens. het aan 'n regte persoon met 'n storie behoort. Dit maak Auschwitz en die ervaringe van die konsentrasiekampslagoffers so blywend werklik. Ook dat die persone nou slegs gesorteer was in anonieme hope van hul besittings agter die glaskiste.

Dit is nie die 'geskiedenis' van die heersers en beleidsrigtings van Nazi Duitsland nie, maar hoe die aksies en beleidsrigtings van hierdie mense die lewe van gewone mans en vroue verander het omdat hulle Jode, ens. was. Dit is belangrik dat ons gewone mense en hul lyding in konflik situasies sal onthou en hierdie kabinette gevul met persoonlike besittings is 'n roerende manier om dit te doen. Dit leer ons ook van die gevaar van onverdraagsame ideologieë en hoe 'n mens behoort te veg teen die onmenslikheid teen jou medemens.

- **Die titel '*n Persoonlike herinnering*' in Sauls se werk.**
Sauls het in Distrik Ses opgegroeï en het daarom 'n persoonlike herinnering aan die gedwonge verskuiwing van himself, familie en vriende. Dit is iets wat die kunstenaar self ervaar het.
- **Hoe Sauls eer betoon aan die gewone man en vrou in hierdie werk deur te kyk na Sauls se onderwerp, objekte wat gebruik is en tegnieke.**
Sauls het persoonlike, familie en vriende se stories wat sy grootword dae in Distrik Ses weerspieël opgediep. Hierdie stories is gevind in foto-albums, mondelinge narratiewe, huishoudelike objekte, artefakte en koerantuitknipsels. Deur die drukkunsmedium het hy hierdie stories in kreatiewe beelde omskep. Hierdie beelde is dan gedruk op materiaal wat getattoeërde velle gegraveer met narratiewe soos kaarte en atlasse geraak het. Die materiaal is in bekende huishoudelike items wat mans en vrouens, arbeiders en professionele mense verteenwoordig gemaak. Sauls het die gebreekte geskiedenis van 'n tyd en plek kreatief aanmekaar gewerk.

Die keuse van klere reflekteer interessante interpretasies – dit is ons eerste laag van beskerming en spreek van sosiale stand en groepsidentiteit. Daar is 'n deftige damesrok gedruk met die straatkaarte van Distrik Ses en 'n blink borsspeld: en 'n mansbaadjie, das en wit handskoene gedruk met name, frases en foto's. Die wit handskoen verwys na die handskoene wat die Kaapse Klopse nog dra.

Hierdie werk is 'n roerende herdenking van die gebeure van Distrik Ses, omdat dit nie net handel oor beleide en ideologieë nie, maar oor regte mense en hoe hulle lewens geaffekteer is deur die gedwonge verskuiwings.

- **Lesse en betekenis wat die werke vir ons tyd inhou.**

Beide die uitstal kabinette by Auschwitz en '*n Persoonlike herinnering*' spreek daarvan om die verlede te onthou – 'n verlede wat 'n hele gemeenskap gewelddadig verskuif het weens die ideologie van Apartheid. Maar dit praat van hierdie gebeure op 'n persoonlike wyse en gee 'n ware gevoel van dit wat verlore geraak het. Dit is nie net melancholies nostalgies nie, maar verdien eerder om te bestudeer, vereer en gevier te word. Deur die verlede te onthou, kan ons na 'n beter toekoms met groter verdraagsaamheid teenoor mekaar beweeg. (10)

- 5.2 Leerders moet enige TWEE geboue/gedenktekens en/of publieke kunswerke wat hul bestudeer het bespreek wat gebeurtenisse, ideologieë en/of mense wat ons wêreld gevorm het vier, kritiseer en/of herdenk. (10)
[20]

VRAAG 6: DIE ROL VAN DIE FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID

- 6.1 John Muafangejo het by Rorke's Drift Kunssentrum in KwaZulu-Natal gestudeer. Vergelyk sy interpretasie van **Adam en Eva** (FIGUUR. 6b) met die van Hugo van der Goes (FIGUUR 6a), 'n Renaissance skilder uit Nederland.

Leerders moet die volgende in ag neem:

- **Gebruik van visuele beelde en simboliek.**

FIGUUR 6a: Adam en Eva word uitgebeeld met 'n bose hibried, half-reptiel en half-mens in die tuin van Eden. Eva word uitgebeeld met 'n appel in die een hand en is besig om 'n appel van die boom te pluk met die ander hand. Adam word skaam uitgebeeld; hy lyk asof hy Eva na die boom lei. Pers irisblomme bedek Eva se privaat dele. Die figure oorheers die voorgrond in die landskap.

FIGUUR 6b: In die buitenste kring van die druk in die boonste linkerkantse hoek word God uitgebeeld met sy hande oop in gebed. Hy verteenwoordig die skepping van Adam en Eva, die aarde, diere, ens. Die ronde format stel die wêreld voor. Eva is baie groter as Adam, miskien omdat sy al reeds voor die versoeking geswig het. Meer diere is uitgebeeld bv. bokke, kameelperde, tarentale, voëls, olifant, vise, paddas, leeus, katte, wildsbokke, sebras, ens. verskeie plante en bome is sigbaar in die sirkel. Die slang word net onder die masker-agtige beeld links van Adam uitgebeeld.

- **Style en tegniek.**

FIGUUR 6a: Gladde gemodelleerde olieverf skildery met geen sigbare kwashale nie.

FIGUUR 6b: Eenvoudige, naïewe, twee-dimensionele grafiese linodruk (Reliëfdruk)

- **Formele kunselemente.**

FIGUUR 6a: kleurvolle olieverf skildery. figure het warm tone wat gereflekteer word in die kleur van die appels. Die landskap is oorwegend groen met pers iris blomme in die voorgrond. Die pers word in die lug herhaal en ook in die berge in die verte. Die lug het skakerings van blou. Vertikale lyne is oorwegend in die drie figure en in die boom.

FIGUUR 6b: Swart en wit lino. Plat, twee-dimensioneel, 'n sirkel domineer die reghoekige format. Dun lyne is gekerf in die linoblok. Daar is 'n ewewigtige balans tussen die swart en wit dele.

- **Die betekenis van die kunswerke in hul spesifieke konteks.**

FIGUUR. 6a en 6b: Beide kunswerke beeld Adam en Eva in die tuin van Eden uit waar hulle verlei word deur die vrug. In beide kunswerke is 'n reptiel uitgebeeld.

(8)

6.2 Leerders moet enige Suid-Afrikaanse kunssentrum wat hulle bestudeer het kies en die volgende bespreek:

- Die doel en befondsing van hierdie kunssentrum.
 - Die invloed wat die sentrum op sy student gehad het.
 - Die tipe werk by die kunssentrum geskep deur te verwys na onderwerpe, mediums en tegnieke gebruike.
 - Spesifieke kunswerk/e deur ten minste EEN student van die sentrum. (12)
- [20]**

VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

7.1 Na die leerder se mening, hoekom het kunstenaars soos Pollock en Rhode gekies om kuns op die manier uit te beeld?

Leerders moet verwys na die volgende:

- **Gebruik van kleur**

FIGUUR 7a: Pollock maak gebruik van 'n see van rooi, geel en swart kwashale. Die wit merke domineer die doek.

FIGUUR 7b: Rhode se verf is minder dig en hy gebruik geel, blou, rooi en groen op 'n wit doek. Geen swart is gebruik nie. Die oog ervaar die ritme van die lyne, kurwes, sirkels en kleur spatsels.

- **Skilderoppervlakte en gereedskap gebruik**

Beide kunstenaars het groot plat oppervlakke op die vloer van hul ateljees gebruik. Pollock het stokke, troffels en 'n druppende vloeibare verf of 'n swaar impasto gemeng met sand, gebreekte glas of ander materiaal gebruik. Rhode het tuinslange in die wiele van sy BMW geïnstalleer vanwaar dit op sy doek spuit.

- **'Mark-making', dit is, aksieskilderwerk versus afstandbeheer.**

Pollock gebruik gebare, 'n beweging deur sy hande gemaak, wat nie so voorspelbaar is soos die van Rhode se afstand beheerde werke nie. Rhode se kuns is meer voorspelbaar as die van Pollock. Rhode se motor is nie meer slegs 'n beeldskone model nie, maar 'n vaardige kunstenaar. Die spore deur die wiele agtergelaat kombineer die twee-dimensionele vlak van die werk met die drie-dimensionele ruimte van die ware motor bestuur ervaring.

- **Tyd geneem om dit te skep en werke te voltooi.**

Beide werke was 'n langdurige proses, veral die van Rhode wat 'n eenmalige marathon was, maar Pollock het 'n paar dae of weke geneem om sy kunswerke te voltooi.

- **Watter werk jy verkies, en hoekom.**

Leerders mag enige kunstenaar kies. maar moet sy/haar keuse staaf. (10)

7.2 Leerders moet enige ander kontemporêre kunstenaar/s bespreek wat hulle bestudeer het wat gebruik van ongewone media en/of tegnieke om hul boodskappe uit te druk. Verwys na ten minste TWEE spesifieke werke in jou antwoord. (1 bladsy)

Let daarop dat met 'kontemporêre' kunstenaars en kunswerke van die twintigste en een-en-twintigste eeue ingesluit kan word. (10)

[20]

VRAAG 8: KUNS EN DIE GEESTELIKE (SPIRITUELE) GEBIED – KWESSIES RAKENDE GELOOFSTELSELS EN DIE GEWYDE IN KUNS

8.1 Leerders moet bespreek hoe die kunstenaars in FIGUUR 8a en 8b 'n vorm van spiritualiteit in hul werk oorgedra het.

Die volgende moet in ag geneem word:

- **Visuele beelde gebruik**

FIGUUR 8a: Engelagtige wese op beide kante van die werk. Een kant is met bronsblad bedek, en die ander kant met silwerblad wat 'n verskillende lig, aan elke kant skep. Op die silwer oppervlak word daar 'n treurige figuur uitgebeeld met sy ruggraat wat verdeel om 'n struktuur van vlerke te vorm, die kop 'n lig-draende skedel, die pelvis 'n nes met eier; die bene raak drywende kettings wat die figuur terugdwing na die aarde. Die hart is 'n boekrol wat blaai voortbring. Die koper kant wys 'n figuur wat ontvou van 'n papieagtige kleed in 'n spirale dans waartydens dit disintegreer. Hande dryf die figuur aan soos dit opwaarts spin en uitreik na die paradys. Hierdie werke kombineer verskillende beelde bv. geraamte, vlerke, hande, ens. om oorspronklike interpretasies te skep.

FIGUUR 8b: Twee profiel manskoppe [fotografiese tegniek] word uitgebeeld aan elke kant van die triptiek met hul ruggraat/nek vertebra wat uitsteek vanuit hul koppe. In die middel paneel kan 'n geraamte in 'n boks-agtige struktuur/doodskis met mot/skoenlapper vlerke bo-op uitgebeeld. Dit kan moontlik uitbeeld hoe die gees die liggaam verlaat.

Die formele kunselemente

FIGUUR 8a: Lyn speel 'n belangrike rol bv. die spiraalvorms wat die oog na die bokant van die komposisie neem. Sterk vertikale word beklemtoon beide in die formaat en die afgebeelde figuur. Vorms is in detail uitgevoer. Die kleure verskil tussen die warm koper tone aan die een kant met die koue silwer tone aan die ander. Dit is baie skilderagtige met subtile merk-making.

FIGUUR 8b: Dit is 'n fotografiese druk wat van rekenaar tegnologie gebruik gemaak het om die visuele beelde te kombineer. Alhoewel die beelde duidelik fotografies is, is die druk verander om dit 'n meer skilderagtige gevoel met ongelyke randte, ens., te gee.

- **Gebruik van die formaat (dubdelkant beeld['double-sided image])**

FIGUUR 8a: Skep 'n interessante formaat met beelde aan beide kante. Die werk is opgehang om van beide kante te besigtig.

FIGUUR 8b: Dit is 'n triptiek. Die twee sypanele is spieëlbeelde en raam die middelste paneel.

- **Moontlike betekenis en interpretasies.**

FIGUUR 8a: Hierdie werke vorm 'n deel van haar reeks, ***Walking with and away from Dante***. Volgens Mason, hou die geraamte figuur links 'n boek vas. Dit kan spesifiek gemik wees op die spirituele geredenes wat die ontplooiing van die heelal verteenwoordig. Die beeld/ervaring is slegs moontlik na die fisiese dood – die beeld van die geraamte het 'n silwer afwerking. In die paneel aan die ander kant word 'n enkele siel uitgebeeld wat sukkel om himself te bevry van die draai van sy sterflikheid – gesuiwer

deur sy geestelike reis. Die regterkantse paneel het 'n warmer gevoel aangesien dit ligter is.

Gee krediet aan enige ander **gemotiveerde** interpretasie van hierdie beelde in verband met spiritualiteit. Byvoorbeeld, die silwer geraamte is baie minder menslik met die kettings wat sy bene saambind; terwyl die ander een 'n goue gloed het – al kolkende na bo in 'n tipe spirituele openbaring.

FIGUUR 8b: dit is 'n selfportret. Die betekenis kan op baie maniere geïnterpreteer word. Maar leerders moet hulle stellings motiveer. 'n Moontlike betekenis kan aan sterflikheid gekoppel word (die geraamte in die boks, die ruggrate op die figuur, ens.) en opstanding – die vlerke. Ook die siklus van die lewe en die dood - die vlerke wat uit die geraamte in 'n boksagtige struktuur gebore word.

- **Ooreenkomste en verskille tussen die werke.**

Gebruik bogenoemde inligting en ander relevante waarnemings om aan leerders krediet te gee bv. in beide werke sien ons kombinasies van menslike liggaamsdele en geraamtes, ens. (10)

- 8.2 Leerders moet 'n opstel skryf waarin hulle ten minste TWEE kunswerke wat hul bestudeer het bespreek waarin die kunstenaar hul gekose kunsvorm gebruik het om kwessies oor spiritualiteit en/of godsdiens aan die aanskouer oor te dra.

In hul opstel moet hulle die volgende insluit:

- Name van kunstenaar/s.
 - Titels van kunswerke.
 - Die gebruik van formele kunselemente.
 - Kommunikasie van spirituele en/of godsdienstige belange deur moontlike betekenis en interpretasies van hierdie kunswerke te bespreek. (10)
- [20]

VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES

9.1 Leerders moet tussen FIGUUR 9a en 9b of FIGUUR 9c en 9d kies en in 'n opstel die volgende bespreek:

- **Die uitbeelding van vroulike kwessies.**

In die verlede was vroue se posisie in die samelewing swak en was hulle dikwels in die geheim en indirek ondermyn. Miller gebruik ou meesters as 'n invloed vir haar kunswerke. Die vroulike figuur word 'n objek van begeerte.

- **Die ooreenkomste en verskille in die twee werke gesien.**

Beide FIGUUR 9b en 9d is weergawes van die ou meesters Da Vinci (FIGUUR 9c) en Botticelli (FIGUUR 9a).

FIGUUR 9a: Olie op doek en 9c: tempera op doek.

FIGUUR 9b en 9d maak gebruik van digitale fotografie.

FIGUUR 9b en 9d is meer eenvoudig in vergelyking met die ou meesters.

Miller konsentreer op vroulike figure met die agtergronde minder belangrik en eenvoudig.

Al die kunswerke het verwysings na water en die see. Water simboliseer suiwerheid, reiniging en geboorte.

- **Toepaslikheid van die titels.**

FIGUUR 9a: *Die geboorte van Venus*: Venus is uit 'n skulp gebore, wat die misterie van haar geboorte verdiep: mense word nie uit skulpe gebore soos voëls, ens. nie – dit herbevestig Venus as 'n mite.

FIGUUR 9b: *Venus lewe gaan aan*: Miller bedoel dat Venus 'n twee-dimensionele 'muurblom' geraak het en sal langer leef as die *Die geboorte van Venus*

FIGUUR 9c: *Leda en die swaan*: Leda is geverf met 'n grasievolle swaan wat die vrou se grasieuse natuur herbevestig.

FIGUUR 9d: *Muurpapier met koraal*: Die Leda het deel van die muurpapier geword en die vroulike vorm is minder belangrik as in Da Vinci se *Leda en die swaan*.

- **Doeltreffendheid van die medium gebruik.**

FIGUUR 9a en 9c: Die kunstenaar maak gebruik van sagter gemodelleerde (3-dimensionele) skildertegnieke.

FIGUUR 9a en 9c: Miller gebruik Photoshop (rekenaar gedrewe), kombineer komponente in een komposisie. Deur Photoshop te gebruik kan sy treffende hoë

- **Die gebruik van visuele beelde en die boodskappe wat hulle oordra.**

FIGUUR 9a: Venus ry 'n skulp wat die misterie van die geboorte illustreer. Lente wag vir haar en daar is beweging in die skildery. Venus neem die houding aan van 'n verwagterende vrou met haar tweeling godin Flora langs haar. Zephyr neem die siel geïllustreer as 'n half-naakte nimf terug na geestelike ryk waar sy vandaan kom.

FIGUUR 9b: Venus het haar lot as 'n pion op 'n skaakbord aanvaar. Die spel het ten doel dat een van die twee spelers nie kan ontsnap nie, en dit is miskien die rede dat sy in die muurpapier vasgevang is en nie kan ontsnap nie. Die lewelose figuur is twee-dimensioneel en staties is 'n muurblom.

FIGUUR 9c: Leda en die swaan is 'n mite. Leda word gewys waar sy 'n grasieuse swaan omhels wat haar gaan verlei. Twee eiers illustreer vier babas (geboorte) wat uitbroei. In die agtergrond is daar 'n suggestiewe van 'n meer, landskap en die stad.

FIGUUR 9d: Leda word uitgebeeld as deel van helder en treffende twee-dimensionele muurpapier. Sy het 'n vis naby haar bolyf en in een hand hou sy 'n klein stukkie koraal. Die vis is buite die water en sal uiteindelik doodgaan. Die helder koraal in die see gevind kan in die onderste linkerkantse hoek gesien word. Die figuur staan op 'n blokkiesvloer wat 'n vlak perspektief skep.

- **Jou reaksie op die gebruik van ou meester-skilderye in 'n moderne kunswerk.**

Leerders mag op enige manier reageer solank redes vir hul antwoord gee. (10)

- 9.2 Leerders moet 'n opstel skryf waarin hulle na ten minste TWEE spesifieke kunswerke wat hul bestudeer het waar kunstenaar/s van geslagskwessies in hul werke gebruik gemaak het.

In hul opstelle moet hul die volgende insluit:

- Name van kunstenaars en titels van kunswerke.
- Beskrywing/analise van kunswerke.
- Gebruik van materiaal en tegnieke.
- Boodskappe en/of betekenis in die kunswerke.

(10)
[20]

VRAAG 10: KONTEMPORÊRE ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

Leerders moet die visuele bronne in FIGUUR 10a – 10d as inspirasie gebruik, asook enige ander voorbeelde wat hulle bestudeer het, en 'n opstel skryf waarin hulle die bostaande stelling debatteer.

Hul opstel moet die volgende belangrike areas insluit:

- 'n Bespreking oor die visuele impak van hul gekose voorbeelde en hoe die argitek dit bereik het deur die volgende te oorweeg:
 - o Gebruik van ligging.
 - o Materiaal.
 - o Bouegenieke.
 - o Tegnologiese toevoeging.
- Hul gevoelens oor die visuele impak teenoor sosiale en omgewings verantwoordelike geboue.
- 'n Vergelyking tussen die verskillende voorbeelde, deur die verskillende benaderings deur die argitekte te verklaar.

FIGUUR 10a, Toyo Ito, *Serpentine Gallery*, Kensington Tuine, Londen, 2002

- Die huidige argitektuur van Toyo Ito (postmoderne periode) ondersoek die moontlikhede van nuwe vorms. Hy het die idee van die wit boks geneem en dit afgebreek om 'n soliede, permanente en geperforeerde boks te skep wat geslote en tog ook oop is.
- Die vorm van die boks het willekeurige geskommelde reguit lyne (staal). Sommige ruimtes tussen die lyne is gevul met soliede panele, andere is oop gehou.
- Die ontwerp van die gebou is kompleks en geometries georden met 'n 'n dekoratiewe patron.
- Ruimte raak belangrik en is dikwels oop en grensloos. Lig dring die gebou deur helder glas in, vul die gapinge en oop ruimtes tussen die beton versterkings.
- Die *Serpentine Gallery* was nog altyd 'n misterie en is een van Engeland se mees avant-garde/futuristiese/vooruit-denkende kunsgalerye in 'n voormalige teekamer in Kensington-Tuine.
- Die gebou is funksioneel, tydens die dag is dit 'n kafee en in die aand 'n ruimte vir lesings, besprekings, partytjies en films.
- Dit is ook sorgvuldig gebou volgens die strukturele standaarde van 'n permanente gebou.

FIGUUR 10b, Eric Owen Moss, *Die boks*, Culverstad, Kalifornië, 1990 - 1994

- *Die boks* was oorspronklik ontwerp as 'n private eet- en ontmoetings-kamer vir 'n restaurant, en later vir 'n bestaande industriële pakhuis wat gerestoureer was om 'n nuwe kantoorruimte te bevat.
- *Die boks*, geplaas op die dak van die kantoor het 'n private konferensiekamer geraak.
- Dit word aangebied met dramatiese veranderde hoeke teenoor die omringende geboue wat 'n gevoel van energie en onrustigheid skep deur die mure wat skynbaar gevaarlik tilt.

- Dit daag die tradisionele konvensies van bou-ontwerp uit deur ons persepsies van argitektuur uit te daag.
- Die mure is onbedek en ontbloot die rou beton (brutalisme) wat tydens die modernistiese periode gewild was.

FIGUUR 10c, Frank Gehry, *Die Rasin-gebou*, Praag, Tseggiese Republiek, 1996

- Die gebou is algemeen bekend as *Die Dansende Huis* of *Dronk Huis* weens die twee figure (Ginger en Fred) wat in 'n verbeeldingsvolle wyse in die massiewe struktuur van die fasade sigbaar is.
- Die manier waarop die linkerkant van die fasade leun op die regtergedeelte gee dit 'n 'dronk' steierende beweging, of soos sommige sal sê, die inleun van twee dansers.
- Dit was 'n weereens 'n kontroversiële gebou wat die norme van tradisionele argitektuur uitdaag.
- Wat dit doen, is dat dit uitstaan teenoor die ander geboue in die area waarvan baie in die Neo-barok, Neo-Gotiese en art Nouveau style gebou is.
- Die deurskynende koepel het 'n metaaldraad.

FIGUUR 10d, Coop Himmelb(l)au, *Una-Palast Filmteater*, Dresden, 1993 – 1998

- Hierdie beton en glas struktuur lyk asof dit uitbars uit die terrein waarop dit gebou is en versteur die stil area waarin dit geplaas is.
- Dit is 'n groot, imposante gebou met mure wat hel teen onmoontlike hoeke wat dit laat lyk soos 'n robotiese masjien wat opstuig vanaf sy terrain.
- Die rou beton mure is in skelle kontras teen die suiwer wit mure van die omliggende geboue.
- Dit is 'n futuristiese ontwerp wat die ontwerp en ingenieurs vaardighede van moderne argitekthe wys.

LET WEL: Leerders mag ander relevante voorbeelde wat hulle bestudeer insluit wat gepas is vir die vraag. [20]

TOTAAL: 100